# GEMEENTE. LES 7

| 1 | GEBED |
|---|---|

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

| 2 | DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* 1 KORINTIËRS 6 - 8 |
|---|---|

*Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (1 Korintiërs 6 - 8). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

| 3 | MEMORISERING (5 minute) *[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]* (1) JOHANNES 1:14 |
|---|---|

***Repeteer*** twee -twee.
(1) Johannes 1:14. Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

| 4 | ONDERRIG (85 minute) *[KERKLIKE FEESDAG]* HEMELVAART: HERDENKING VAN DIE TROONSBESTYGING VAN CHRISTUS |
|---|---|

***Inleiding.*** Hemelvaart is die feesdag waarop Christene die troonsbestyging van Jesus Christus herdenk. Ons wil leer wat die Bybel leer oor die troonsbestyging van die Koning van die konings en wat dit vir Christene beteken. Ons sal leer dat sy hemelvaart en troonsbestyging deur die profete in die Ou Testament voorspel is, wat daar gebeur het toe Hy na die hemel opgevaar het en die troon bestyg het, en hoe belangrik hierdie gebeurtenis vir almal is.

## A. PROFESIEË IN DiE BYBEL OOR DIE HEMELVAART VAN JESUS CHRISTUS

Die Psalms is van ongeveer 1000 jaar v.C. geskryf. Die boek Jesaja is ongeveer 700 jaar v.C. geskryf. En Jesus Christus Self het van sy hemelvaart geprofeteer kort voor sy dood aan die kruis in 30 n.C., dus meer as 40 dae voordat dit gebeur het.

### 1. Psalm 24:1-10. Opgevaar om ons Verteenwoordiger by God te wees.

Hierdie Psalm van David is gekomponeer en gesing tydens die verskuiwing van die ark na sy nuwe plek in 'n tent in die stad van Dawid (Sion) (2 Samuel 6). Die ark is beskou as die setel van God op die aarde (1 Kronieke 13:6). By die geleentheid het Dawid 30 000 uitgesoekte manne gebring om die ark, wat voorheen deur die Filistyne gekaap was, terug te bring. Hy en die hele Israel het met alle mag fees gevier voor die HERE, met liedere en met liere en harpe, tamboeryne, simbale en trompette. Die volk het hulle verheug, uitgeroep en op basuine geblaas. Hulle het gesing dat die aarde, met alles wat daarop is en alles wat daarin woon, aan de HERE behoort. Elke ses treë het hulle 'n bul en 'n vetgemaakte kalf geoffer! En koning Dawid het met alle mag gespring en gedans voor die HERE.

Dan word die vraag gestel: "Wie mag die berg van die HERE (Sion) opgaan en wie mag in sy heiligdom (die tent op Sion wat die tempel op die berg Moria voorafgegaan het) gaan staan?" En die antwoord was: "Dié een wie se hande rein en wie se hart suiwer is (letterlik: wie sy siel nie ophef tot wat vals is, d.w.s. tot 'n ander "god" dan die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het nie), wat alle bedrog vermy (letterlik: nie bedrieglik sweer, d.w.s. by 'n ander "god" nie) en geen vals eed aflê nie. So iemand sal van die Here seën ontvang, en God, sy redder, sal reg aan hom laat geskied". Die seën in die Bybel bestaan uit geestelike en ewige werklikhede soos die Koninkryk van God (Matteus 25:34), die beloofde Heilige Gees (Galasiërs 3:14) en elke geestelike seëning soos die aanneming van seuns en dogters deur God, verlossing en vergewing (Efesiërs 1:3-7). Die geregtigheid bestaan uit verlossing. In die konteks van Psalm 24 word sulke mense kollektief die 'geslag van hulle wat na Hom vra' genoem, d.w.s. die mense wat die werklikheid en teenwoordigheid van die God van die Bybel soek.

Maar Psalm 24 is 'n Messiaanse profesie wat vooruit kyk na die hemelvaart van Jesus Christus! En <u>in die lig van die Nuwe-Testamentiese openbaring mag niemand opvaar na die hemel en in Gods heilige teenwoordigheid staan nie behalwe Jesus Christus</u>. Niemand kwalifiseer op grond van sy eie verdienste nie. Niemand het rein hande of 'n volkome suiwer hart nie (Romeine 3:9-18). Niemand kan geregtigheid bymekaar skraap deur die wet te onderhou (Galasiërs

3:10-11) of goeie werke te doen nie (Efesiërs 2:8-9). Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God nie (Romeine 3:23).

Maar Jesus Christus kwalifiseer! Hy is heeltemal sonder sonde; sonder skuld en sonder smet (Hebreërs 4:15; 7:26,28). Jesus Christus mag na die hemel opvaar en Hy mag in die heilige teenwoordigheid van God staan as ons Verteenwoordiger.

> Jesus Christus is na die hemel opvaar
> om as ons Verteenwoordiger by God op te tree.

“Christus het nie ingegaan in ’n heiligdom wat deur mense gemaak is en net ’n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn” (Hebreërs 9:24). Dit is wat Christene op hemelvaartdag vier.

### 2. Psalm 68:16-20,24-25,28-30. Opgevaar om sy verowerde krygsgevangenes by God te bring.

Omdat die HERE reeds op die berge van Israel, veral op Sion heers, kan Psalm 68:17 nie verwys na die eerste keer dat die ark na Sion gebring is nie. Maar dit kan verwys na telkens wanneer die ark tydens ’n oorlog deur die leër van Israel saamgeneem is en na die oorlog weer teruggebring is. Dan is dieselfde liturgie as hierbo gebruik (2 Samuel 11:11;vergelyk 1 Samuel 4:3-9).

God word voorgestel as die triomferende Oorwinnaar wat uit die stryd hier op aarde omhoog vaar na sy hoë woning (die tent op Sion wat God as sy woning begeer het) gevolg deur ontelbaar baie strydwaens. Hy sleep gevangenes weg en het gawes (belastings, skatte) van die oorwonne volke ontvang om aan sy eie volk uit te deel. Dan word die intog verder beskryf: Die mense sien u feesoptog, o God, die feesoptog van my God, my Koning, na sy heiligdom, d.w.s. in skitterende heerlikheid van sy goddelike eienskappe. Die sangers loop voor, die musikante met snaarinstrumente agterna, in die middel die meisies wat op tamboeryne slaan (vers 26). God word opgeroep om die kop van sy vyande te verpletter (vers 22), d.w.s. die volke wat oorlog voer teen sy volk te verpletter (vers 31, vergelyk Jesaja 27:1). Hulle word beskryf as “die ondier tussen die riete” (vers 31), waarskynlik ’n verwysing na die seekoei (Hebreeus: behemoth, Job 40:10-19) of die krokodil (Hebreeus: leviatan) (Job 40:20-28). Hierdie diere verteenwoordig die vyandige volke wat God se volk onderdruk en vervolg.

> Jesus Christus sou na die hemel opvaar
> as triomferende Oorwinnaar om gevangenes saam te voer.

“Daarom sê die Skrif: “Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.” Hierdie uitdrukking: “Hy het opgevaar”, veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe. Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul” (Efesiërs 4:8-10). Wat oor God in die Ou Testament gesê word (Psalm 68), word deur Jesus Christus in die Nuwe Testament vervul!

### 3. Jesaja 9:5-6. Opgevaar om sy koninkryk van geregtigheid te vestig, in stand te hou en daaroor te heers.

“Vir ons is ’n Seun gebore, aan ons is ’n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg” (Jesaja 9:5-6).

Die Kind wat op die aarde gebore word, word ‘die Magtige God’ genoem en het dieselfde goddelike natuur as God ‘die Ewige Vader’. In Jesaja 10:20-22 word die HERE (Hebreeus: JaHWeH) ‘die magtige God’ genoem en in Jesaja 9:5-6 word die Here Jesus Christus ‘die Magtige God’ genoem. Na sy hemelvaart en troonsbestyging in die hemel rus die heerskappy van die heelal op sy skouers. Aan die uitbreiding van hierdie heerskappy na alle lande in die wêreld sal daar nie ’n einde kom nie! Jesus Christus vestig vrede tussen God en mense deur sy soenoffer (Romeine 5:1-11). Hy het vyandskap tussen Jode en nie-Jode afgebreek en deur die kruis vrede tussen hulle bewerk (Efesiërs 2:14-17). As daar in ons dae geen vrede tussen Jood en nie-Jood is nie, dan is dit omdat hulle geen vrede wil hê nie (Hulle rebelleer teen God en sy plan)! Die profesie sê duidelik dat Jesus Christus sy koninkryk grondves en ondersteun (daaroor heers) deur reg en geregtigheid van nou af (d.i. vanaf sy eerste koms) tot in ewigheid!

> Jesus Christus sou na die hemel opvaar
> om te heers oor alle lande en die heelal.

### 4. Johannes 3:9-13. Opgevaar om die aardse en hemelse dinge aan die mense te openbaar.

Die neerdaling van Jesus Christus uit die hemel het ‘die hemelse dinge’ aan mense geopenbaar en word opgevolg deur sy hemelvaart.

> (1) Jesus Christus is die Enigste persoon in die menslike geskiedenis wat uit die hemel neergedaal en weer na die hemel opgevaar het!

Jesus Christus het daarop aanspraak gemaak dat niemand in die hele menslike geskiedenis ooit na die hemel opgevaar het om van die hemelse dinge uit te vind nie. Nét Jesus Christus het in die hemel gewoon en het uit die hemel neergedaal. Nét Jesus Christus ken die hemelse dinge en het die hemelse dinge geopenbaar (Johannes 3:12-13). Jesus

Christus het *eerste neergedaal in die dieptes*, naamlik die aarde (letterlik: *in die laagste plekke* van die aarde)(ook 'n herinnering aan die diepte van sy vernedering)(Filippense 2:5-8) en *toe* opgevaar *ver bo alle hemele* (tot in die derde hemel bo die lug/atmosfeer en die sterrehemel)[1] om alle dinge te vervul (Efesiërs 4:9-10). Geen ander mens in die geskiedenis wat daarop aanspraak maak dat hy 'n profeet is, het ooit uit die hemel neergedaal en weer opgevaar na die hemel toe! Henog en Elia het wel opgevaar na die hemel toe, maar hulle het nooit neergedaal uit die hemel nie! Alle profete van die ander godsdienste en kultusse in die wêreld lê dood in hulle graf. Hulle het nooit uit die hemel neergedaal nie en het ook nooit na die hemel opgevaar nie!

'n Aantal mense in die geskiedenis is wel uit die dood *opgewek*, maar het daarna weer gesterf! Jesus Christus is die enigste mens wat ooit uit die dood *opgestaan* het en nog steeds lewe! Jesus Christus is die Enigste wat uit die hemel gekom en weer na die hemel teruggekeer het! Hierdie feit bewys dat Jesus Christus die Grootste Profeet van alle tye is en dat Hy selfs meer as 'n groot Profeet is! Hy is nie net die Hoogste Hoëpriester, die Grootste Profeet en die Magtigste Koning nie, maar ook GOD! Hy is God wat die menselike natuur aangeneem het sonder om sy goddelike natuur los te laat (Filippense 2:5-8). Hy is God wat Hom nie net in 'n wolk en vuur openbaar nie (Eksodus 3:2; 13:21; 19:18), maar ook in die historiese Mens, Jesus Christus (Johannes 1:1,14,18). Hy is nie 'n mens wat hom voordoen as God nie, maar Hy is God wat die menslike natuur aangeneem het sonder om sy goddelike natuur los te laat!

#### (2) Jesus Christus het uit die hemel neergedaal om die aardse dinge en die hemelse dinge aan mense te openbaar(Johannes 3:12).

In Johannes 3:11 sê Jesus dat Johannes die Doper en Hý die hemelse dinge weet en daaroor getuig. Maar die Joodse leiers het nie die getuienis aangeneem nie. Jesus kon dit sê omdat Hy met sy allesdeurdringende oë diep in hulle harte kon kyk en hulle aarseling om sy onderrig te glo, kon sien (Johannes 2:25).

In Johannes 3:12, sê Jesus, "Ek het julle van die aardse dinge vertel en julle glo dit nie, hoe sal julle glo as Ek vir julle van die hemelse vertel?"

##### Die aardse dinge

Jesus het gepraat oor dinge, wat hemels van karakter en oorsprong is, *maar op die aarde plaasvind*. Byvoorbeeld: die aardse dinge is die hemelse dinge wat in die Ou Testament geopenbaar is maar op die aarde plaasvind, soos:

- die koms van die Messias na sy eie mense (Jesaja 53:3; Johannes 1:11)
- die dood en opstanding van die Messias (Jesaja 53:5; Johannes 2:19)
- die verkondiging van die evangelie aan alle volke (Jesaja 49:6; Johannes 3:16-17)
- en die noodsaaklikheid van wedergeboorte (die doop met die Gees) (Deuteronomium 30:6; Esegiël 36:25-28; Johannes 1:33; Johannes 3:3-8).

Reeds in die Ou Testament het God oor hierdie aardse dinge gepraat: "Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom" (Esegiël 36:25-27). Wedergeboorte vind binne die menslike ervaring op aarde plaas. Daarom moet elke mens wat die Ou Testament lees en nadink oor sy eie natuurlike onvermoë om God te behaag, kon begryp dat hy noodwendig weergebore moet word!

Maar hoewel wedergeboorte van mense deur die Heilige Gees duidelik in die Ou Testament en deur Jesus Christus geleer word, verwerp die meeste Jode die wedergeboorte. Nikodemus en die ander Jode het gemeen dat hierdie dinge nie geglo kan word nie. Hoe sou hulle dan glo as Jesus Christus met hulle oor die hemelse dinge gepraat het?

##### Die hemelse dinge.

Die hemelse dinge is sake wat buite die kennisveld van mense lê totdat dit deur Christus geopenbaar word (Matteus 11:25-27). Die Seun van God was die Enigste wat altyd in die teenwoordigheid van God was en ken die besluite wat in die hemel geneem is. Geen mens het ooit opgevaar na die hemel toe om uit te vind wat die hemelse dinge is nie. Nét Jesus Christus het van die hemel neergedaal (as gestuurde) en ken die hemelse dinge en openbaar die hemelse dinge, soos:

- Die wese van die enigste God (Matteïs 11:27)
- God se ewige plan om nie net Jode wat glo nie, maar ook nie-Jode (heidene) wat glo uit elke volk op aarde te verlos (Johannes 3:13-18).
- God se ewige plan om hulle te verlos deur die dood en opstanding van sy Seun (Jesus Christus).

Die hemelse dinge lê heeltemal buite bereik van mense se kennis en voorstellingsvermoë, totdat dit aan die mens geopenbaar word. Geen mens kon sê wie God is (Johannes 1:18). Geen mens kon God se verlossingsplan bedink nie (1 Korintiërs 2:7-10). Jesus Christus het nie net God se verlossingsplan geopenbaar nie, maar voer dit ook uit (Openbaring 5:1-5)!

### 5. Johannes 14:1-3. Opgevaar om 'n plek vir sy dissipels gereed te maak.

Toe Jesus gesê het dat Hy gaan na 'n plek waarheen sy dissipels nie kon kom nie (sy hemelvaart), was hulle harte ontsteld. Hulle was *bedroef* omdat Jesus gesê het dat Hy hulle gaan verlaat. Hulle het hulle *geskaam* omdat hulle

[1] Grieks: κατεβη εις τα κατωτερα [μερη] της γης + αναβας υπερανω παντων των ουρανων

onderweg getwis het oor wie van hulle die grootste was. Hulle was *verbysterd* omdat Jesus voorspel het dat één van hulle Hom sou verraai, en ’n ander Hom sou verloën en hulle almal Hom in die steek sou laat. Hulle het *gewankel in hulle geloof* omdat hulle nie kon begryp hoe die Messias verraai kon word nie. Terselfdertyd het hulle Jesus *liefgehad* en ge*hoop* dat dinge sou verander. Hulle geloof is op die proef gestel. Daarom bemoedig Jesus hulle: "*Hou aan om* in God te glo en ook in My te glo" (’n bevel in die onvoltooide teenwoordige tyd).

Jesus het gesê dat Hy ’n plek vir sy dissipels gaan gereedmaak. ‘Die huis van My Vader’ is die hemel voor die wederkoms van Christus (Psalm 33:13-14; Jesaja 63:15) en die nuwe aarde na sy wederkoms (Jesaja 65:16-17; Openbaring 21:1-3). Die woorde ‘baie woninge’ verwys na ‘baie woonplek’. Die woord ‘plek’ (wat Jesus vir hulle gereed maak) verwys nie net na hulle *geografiese plek nie*, maar ook na hulle *geestelike posisie of staat* en *uiteindelike bestemming*. Deur sy dood maak Jesus dit moontlik dat sy dissipels altyd by Hom sou leef as hulle ewige bestemming (Filippense 1:23; 1 Tessalonisense 4:17). Deur sy opstanding berei Hy die dissipels voor (maak Hy hulle volmaak) vir hulle plek van bestemming. Deur sy hemelvaart berei Hy die plek van bestemming (die hemel, die nuwe aarde) vir sy dissipels voor.

Jesus Christus sou na die hemel opvaar om ’n plek vir sy dissipels gereed te maak.

Hy sou terugkom om sy dissipels na Hom toe te neem, sodat hulle kan wees waar Hy is (Matteus 24:40-41; 1 Tessalonisense 4:13-17). Jesus het nie in die eerste plek gedink aan die fisieke dood van ’n gelowige nie, maar aan sy wederkoms. By sy wederkoms sal Hy alle gelowiges verwelkom (1 Tessalonisense 4:17) en alle gelowiges sal hom verheerlik en bewonder (2 Tessalonisense 1:10). Hulle sal mekaar as ’t ware omhels en mekaar in die oë kyk! Daarom is sy vertrek met sy hemelvaart geen ramp nie, maar ’n seën (vergelyk Johannes 16:7)!

Hierdie Bybelgedeelte mag ook toegepas word op die fisiese dood van ’n gelowige, omdat sy gees ook in die hemel verwelkom word (Filippense 1:21-23). Dit is hierdie lewende hoop (verwagting) wat Christene motiveer om te *bly* glo in Jesus Christus!

### 6. Johannes 16:7. Opgevaar om die Heilige Gees op sy dissipels uit te stort.

Jesus Christus sou na die hemel opvaar
om die Heilige Gees op sy dissipels uit te stort.

Jesus het gesê dat dit voordelig was vir sy dissipels dat Hy weggaan; d.w.s. dat Hy na die hemel sou opvaar, omdat die Heilige Gees dan sou kom om "van aangesig tot aangesig" (Grieks: pros) by hulle te wees. Jesus het al vroeër aan hulle gesê dat dit voordelig was dat Hy weggaan, omdat Hy plek vir hulle gaan voorberei (Johannes 14:2,28). Hy sou hulle die vermoë gee om groter dinge te doen (Johannes 14:12). Hy sou hulle ’n dieper insig gee in die wesenlike verhouding tussen God die Vader en God die Seun (Johannes 14:20). En Hy sou nader aan hulle wees as ooit tevore, omdat Hy ‘met hulle’ en ‘in hulle’ sou leef deur sy Heilige Gees (Johannes 14:16,17)! Daarom was sy sigbare vertrek vanaf sy dissipels nie ’n tragedie nie, maar ’n groot voordeel en ’n triomf!

Maar voordat dit kon gebeur, moes Jesus Christus nog eers aan die kruis sterf en uit die dood opstaan ten einde die verlossing van sy mense te verdien (verwerf). Sonder hierdie verdienste sou daar geen verlossing moontlik wees nie! Daarom *moes* (Matteus 26:54; Lukas 24:44) Jesus Christus eers aan die kruis sterf en uit die dood opstaan. Na sy hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees sou Jesus Christus die verdiende verlossing in die harte en lewens van gelowiges toepas deur sy Heilige Gees!

As Hy nie van sy dissipels af vertrek het *in sy sigbare en beperkte menslike natuur* nie, sou daar geen terugkeer na hulle toe kon plaasvind nie *in sy onsigbare en universele goddelike natuur* as die Heilige Gees. Hy het gekom in sy sigbare menslike natuur na die aarde toe om die onsigbare God aan hulle te openbaar en versoening vir hulle sondes te doen. Hy sou na hulle terugkeer op die aarde in sy onsigbare goddelike natuur (die Heilige Gees) om sy verlossingswerk wat volbring is, toe te pas in die harte en lewens van gelowiges in die hele wêreld en deur die geskiedenis heen tot by sy sigbare wederkoms (Vergelyk Romeine 8 en Galasiërs 4:4-7)!

Daar is volledige samewerking tussen God die Vader, God die Seun en God die Gees in die verlossings werk. God die Vader het die Gees gestuur (Johannes 14:26), God die Seun het die Gees gestuur (Johannes 15:26; 16:7) en die Gees het gegaan! Die Gees het ’n geweldig effek op die wêreld (Johannes 16:8-11) en op die Gemeente/Kerk (Efesiërs 2:22).

### 7. Johannes 20:17. Opgevaar om ononderbroke omgang met sy dissipels te hê.

Maria Magdalena was die éérste getuie van die opstanding en die hemelvaart. Terwyl Jesus ’n bietjie later aan die ander vrouens opdrag gegee het om sy dissipels te vertel wat daar by die opstanding gebeur het en dat Hy hulle in Galilea sou ontmoet (Matteus 28:7), het Hy dit aan Maria Magdalena opgedra om sy dissipels te vertel van die groot gebeurtenis wat in die heilsgeskiedenis sou plaasvind, naamlik, die hemelvaart van Jesus Christus!

Jesus het geprofeteer dat Hy na sy Vader in die hemel gaan en dat sy dissipels daarom nie langer met Hom kon omgaan soos vroeër nie. Voor die dood van Jesus Christus het Maria Magdalena vir ’n lang tyd die daaglikse sigbare omgang van Jesus Christus met sy dissipels geniet en die aangename gemeenskap met Hom ervaar. Na sy opstanding uit die dood het sy aangeneem dat hierdie aangename omgang met Jesus Christus voortgesit sou word. Daarom gryp sy sy voete as ’n uitdrukking van haar geneentheid tot aanbidding, net soos die vroue ’n rukkie later ook gedoen het (Matteus 28:9). Jesus was nie téén haar aanraking nie, net soos Hy later vir Tomas uitgenooi het om Hom aan te raak (Johannes

20:27). Maar Jesus het wel vir haar gesê dat sy Hom nie moet vashou of vas kon hou asof sy Hom kon terughou om weg te gaan (na die hemel toe) nie.

Die periode van sy daaglikse sigbare omgang met sy dissipels was verby! Hy sou dan aan een en dan aan 'n ander verskyn. Maria Magdalena kon Hom nie terughou of by haar hou nie. Hy was op die punt om na sy Vader in die hemel op te vaar. Daarna sou die daaglikse omgang tussen Jesus en sy dissipels op die aarde verander. I.p.v. met Jesus Christus om te gaan in sy menslike liggaam op één plek op die aarde, sou hulle deur sy Heilige Gees gelyktydig met Hom omgaan op elke plek in die wêreld (vergelyk Romeine 8:9-10; 2 Korintiërs 3:16-18; Johannes 16:28,19,13-15)! Deur die Heilige Gees sou hulle ononderbroke omgang met Jesus Christus hê! En hierdie omgang (gemeenskap) sou veel ryker en veel meer geseënd wees, omdat dit 'n omgang van die verrese Heer in die hemel met sy Gemeente (Kerk) op die aarde sou wees!

Jesus Christus sou na die hemel opvaar
om ononderbroke omgang met sy dissipels op die aarde te hê.

Andersyds lê Jesus klem op die onderskeid tussen Homself en sy dissipels. Hy het gesê, "My Vader en julle Vader" en "My God en julle God". Daarmee maak Hy onderskeid tussen twee verhoudings:

- Jesus is God se Seun *van nature* (in sy wese)(Johannes 1:1,18; Johannes 10:30-33)
- Gelowiges (Christene) is God se seuns (en dogters) *deur aaneming* (Johannes 1:12-13; Efesiërs 1:4-5).

Nietemin lê Jesus klem op die intimiteit (vertroulikheid) van hulle verhouding. *In 'n geestelike sin*, is God die Vader van Jesus Christus ook die God en Vader van sy dissipels! Jesus sou opvaar na hierdié God en Vader.

## B. DIE GEBEURTENISSE RONDOM DIE HEMELVAART VAN JESUS CHRISTUS

### 1. Die boek Handelinge beskou die hemelvaart van Jesus Christus vanuit 'n aardse standpunt.

***Lees*** Handelinge 1:3-11; Lukas 24:50-53.

Ná sy opstanding uit die dood, het Jesus oor 'n tydperk van 40 dae aan sy dissipels en ander gelowiges verskyn. Eenmaal het Hy saam met sy dissipels in Jerusalem geëet. Hy het gesê dat hulle nie uit Jerusalem moes weggaan nie, maar op die vervulling van die belofte van die Vader moes wag. "Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word ... Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees" onder die Jode, die Samaritane en die heidene tot in die uithoeke van die wêreld" (Handelinge 1:4-8).

Toe is Jesus Christus voor hulle oë in die hemel opgeneem, en terwyl hulle dit sien het 'n wolk Hom weggeneem en twee manne met klere het vir hulle gesê: "Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het" (Handelinge 1:11).

Die opvatting dat die menslike liggaam van Jesus 'n diffuse (verspreide) skynsel sou word of goddelike eienskappe sou aangeneem het sodat sy menslike liggaam alomteenwoordig sou geword het, het géén Bybelse grond nie. Die verheerlikte liggaam van Jesus was nog steeds 'n liggaam wat aangeraak kon word en gewone etes kon eet (Lukas 24:39-43), maar nie "van (sondige) vlees en (sterflike) bloed" nie (1 Korintiërs 15:50). Wat die Bybel leer, is die volgende:

- Jesus "is weggeruk na God en na sy troon toe" (Openbaring 12:5)
- Hy sit aan die regterhand van God die Vader (Markus 16:19; Efesiërs 1:20)
- Hy sal terugkeer op dieselfde wyse as wat sy dissipels Hom na die hemel sien gaan het.

Toe het sy dissipels van die Olyfberg af teruggekeer na Jerusalem toe en het in die bovertrek gebly saam met andere om aan te hou bid (Handelinge 1:14).

### 2. Die boek Openbaring beskou die hemelvaart van Jesus Christus vanuit 'n hemelse standpunt.

***Lees*** Openbaring 5:1-13.

Die tema van hierdie hoofstuk is: "God voer sy ewige plan uit deur die Lam wat in die middel van die troon is".

#### (1) Die boodskap van die boekrol in die hemel (Openbaring 5:1).

Daar is 'N BOEK IN DIE HEMEL BY GOD! Dit is in die vorm van 'n boekrol. Geen enkele boek op die aarde is 'n afskrif van hierdie boekrol nie, omdat die boekrol verseël is. Dit is ook nooit aan enige profeet in die geskiedenis op die aarde geopenbaar nie. Daar is net Één in die hele geskiedenis van die aarde wat waardig is om die seëls van hierdie boekrol te breek en die boekrol oop te maak! Hy is die Enigste wat in staat is om die inhoud daarvan *te openbaar en uit te voer*! Hierdie Persoon is Jesus Christus, omdat alleen Hy 'n soenoffer vir die sonde van mense is en net Hý uit die dood opgestaan het! Nét Hy leef en leef vir ewig! Alle ander profete lê dood in hulle grafte. Nét Hy het uit die hemel neergedaal en net Hý het weer na die hemel opgevaar.

Die hemelvaart en troonsbestyging van Jesus Christus in die hemel word in die boek Openbaring *gesimboliseer* met die Lam wat die boekrol uit die hand van God die Vader op die troon ontvang.

Die boekrol is beide kante beskryf en bevat God se besluite m.b.t. die geskiedenis van die wêreld en die geskiedenis van die Gemeente (Kerk) in die wêreld. Dit bevat die onnaspeurlike plan of doel van God wat werklike gebeurtenisse word in die heilsgeskiedenis "in die voleinding van die tye" (Hebreërs 9:26; Johannes 11;24), d.w.s. gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode van die eerste koms van Christus tot by sy wederkoms. Hierdie groot en alles oorheersende historiese gebeurtenisse wat die koms van die koninkryk van God aankondig, is apokaliptiese (groot en heftige) gebeurtenisse, omdat hulle God se ewige verlossingsplan (van sy mense) en van oordeel (van sy teenstanders) openbaar en uitvoer. God wat op die troon in die middel van die heelal sit, voer sy ewige plan vir die aarde en die mense op die aarde uit deur Jesus Christus. Jesus Christus openbaar God se ewige verlossingsplan en oordeel en voer dit ook uit.

Hierdie boekrol het 'n heel ander aard as alle ander boeke op aarde! Die sekulêre en godsdienstige boeke op die aarde beskryf watter gebeurtenisse daar vroeër op die aarde plaasgevind het. Hulle openbaar die lewens van bepaalde sekulêre en godsdienstige mense, hulle woorde, dade en prestasies in die oorloë wat hulle gevoer het. Maar deur die oopmaak en lees van die boekrol in die hemel *word die gebeurtenisse op die aarde in aansyn geroep en in beweging gesit*! Dit openbaar nie net wat al gebeur het nie, maar openbaar ook wat daar spoedig gaan gebeur (Openbaring 1:3) en sit daardie toekomstige gebeurtenisse ook aan die gang! Wanneer Jesus Christus 'n seël van hierdie boekrol breek, word die woorde onder hierdie seël geopenbaar en begin die voorspelde apokaliptiese gebeure in die geskiedenis van die mens op aarde te gebeur! 'Die oopmaak van DIE BOEK IN DIE HEMEL is *'n simbool* van die heerskappy van Jesus Christus oor alle gebeurtenisse en alle mense op die aarde vanaf sy eerste koms tot by sy wederkoms.

Wat God tydens die skepping gedoen het, doen Jesus Christus tydens hierdie openbaring! Deur tydens die skepping 'n woord te spreek het God die empiriese (waarneembare en meetbare) dinge wat voorheen nie bestaan het nie, in aansyn geroep (Genesis 1:3; Psalm 33:6; Romeine 4:17; Hebreërs 11:3). En deur die boekrol oop te maak, roep Jesus Christus die gebeurtenisse tydens die geskiedenis van verlossing en oordeel wat in die boekrol geskrywe staan in aansyn! Wanneer Jesus Christus 'n seël van die boekrol breek, word die inhoud wat onder die seël beskrywe word, geopenbaar en uitgevoer (Openbaring 6)!

(2) Die boodskap van die breek van die seëls van die boekrol (Openbaring 5:2-4).

Vir 'n lang tyd kon niemand in die heelal gevind word wat waardig was om die boekrol oop te maak, die inhoud daarvan te openbaar en in beweging te sit nie. Solank as wat die boekrol verseël gebly het, stagneer die skepping en die geskiedenis en was daar hoegenaamd geen vooruitgang nie!

As die boekrol verseël gebly het, sou daar geen verandering in die toestand en omstandighede van die gemeente (kerke) moontlik gewees het nie. Die gemeente van Efese sou 'n dooie ortodokse gemeente gebly het, wat wel vasgehou het aan die ou Christelike waarhede, maar die Christelike liefde misgeloop het (Openbaring 2:1-7). Die gemeente van Sardis sou steeds deur die ander wêreldgodsdienste vervolg geword het (Openbaring 3:1-6). En die gemeente van Laodisea sou 'n materialistiese en wêreldse gemeente gebly het wat vasgeval het in dodelike selfbedrog (Openbaring 3:14-22).

As die boekrol verseël en geslote gebly het, kon die gemeente nie uitgeroei word deur verdrukking en vervolging nie, maar ook nie opbloei en vrugdra tot by hulle uiteindelike verheerliking nie! Dan sou dit lyk asof die geskiedenis op aarde geen einde het nie en ook asof die stryd van die gemeentes (kerke) nêrens heen lei nie! Dan beweeg die geskape dinge en die historiese gebeurtenisse nie na hulle uiteindelike bestemming nie! Hierdie situasie sou alles op die aarde nogal vermoeiend maak. Die gebeurtenisse op die aarde bly 'n sirkel in plaas van 'n regte lyn wat na 'n uiteindelike doel voer! Daar kom geen beslissende oorlog nie en daar is ook geen beslissende oorwinning nie! Nuwe reformasies word gevolg deur nuwe deformasies, wêreldgesindheid en bederf! Oplewings word gevolg deur grys en koue doodsheid. En die Gemeente (Kerk) sou die geskiedenis ervaar as hooggety en laaggety en die wêreldgeskiedenis as 'n eindelose sirkelgang – alles word maar steeds weer en weer herhaal. Daar blyk geen einde te kom aan hierdie eindelose sirkelgang, hierdie hopelose toestand van die aarde nie.[2]

Solank as die boekrol verseël bly, het die satan ook geen beslissende oorwinning nie! Hy kan bepaalde gelowiges tot die dood toe vervolg, maar hulle nie vernietig nie! Hy sweep die volke op om alles wat met Jesus Christus geassosieer word te haat, maar hy kan nie die Naam van Jesus Christus uitwis nie! Ook die satan en sy bondgenote ervaar die geskiedenis as hooggety en laaggety.

Nóg die Gemeente (Kerk), nóg die satan kan die seëls van die boekrol breek nie. Nie een van hulle kan die uiteindelike oorwinning behaal nie! As die Gemeente (Kerk) geen einde meer kan sien aan hierdie stryd op aarde nie, word hulle moedeloos en voel kragteloos. As daar niemand is wat die seëls van die boekrol kan breek nie, word die gebeure op die aarde 'n eindelose nagmerrie!

Waarom staan die geskiedenis van die wêreld voortdurend onder die verdoemenis van besluiteloosheid? Waarom word die eentonigheid van hierdie eindelose sirkelgang en stryd nie verbreek nie? Ons kan hierdie vrae nie beantwoord nie, maar besef dat daar geheime in die lewe verborge is (Deuteronomium 29:29; Jesaja 55:8-9) en dat die geskiedenis van die wêreld iets meer is as net maar 'n magstryd! Ons kan nie sê, "As God wil, kan Hy die satan verslaan en die stryd beëindig" nie, omdat die satan ook 'n bepaalde regsposisie het. Van die sondeval van die mens af, word die sondige wêreld (die wêreld sonder Christus) in 'n bepaalde sin aan die satan onderwerp. "Die hele sondige wêreld is in die mag

[2] Dit is die wêreldbeskouing van die Hindoeïsme en die Boeddhisme.

van die duiwel” (1 Johannes 5:19). Satan word ‘die owerste van hierdie (bose) wêreld’ genoem (Johannes 12:31). Hy verlei die hele (bose) wêreld (Openbaring 12:9). Hy word ‘die god van hierdie wêreld wat die gedagtes van ongelowiges verblind’ genoem (2 Korintiërs 4:4). Daarom is die gebeure wat op die aarde plaasvind so raaiselagtig, so verbysterend en so skrikwekkend. Dit lyk of die wêreld en die gebeure betower is.

Die gebeurtenisse wat plaasvind op die aarde kan net tot ’n beslissende einde gebring word deur die seëls van die boekrol te verbreek! Deur die seëls te breek en die boekrol oop te maak, vee Jesus Christus alle skyn en illusie in die wêreld weg en word alle dinge wat hulle in werklikheid is! Deur die seëls te breek en die boekrol oop te maak, verander die sirkel van die menslike geskiedenis na ’n regte lyn en voer reguit na die einde toe!

Die leiers in hierdie wêreld dink altyd in terme van hulle oorlogspotensiaal en magstryd. Maar God dink in heeltemal ander terme!

(3) Die boodskap van die Leeu, die Lam en die ‘Wortel’ (Afstammeling van Dawid) (Openbaring 5:5-7).

’n Sterk engel kondig met ’n harde stem aan: “Wie is waardig om die boekrol oop te maak deur die seëls daarvan te breek?” Daar is Iemand wat dit kán doen, maar nie direk doen nie. Dit is asof Hy wag om te sien of daar enige ander wese is wat dit sou waag. Maar niemand in die hemel of op die aarde of in die geesteswêreld (demone) kon die boekrol oopmaak of selfs daarin kyk nie. Geen demoon, magtige politieke regeerder of godsdienstige profeet in die geskiedenis van die wêreld het navore gekom om die boekrol oop te maak nie!

Dit is onweerlegbaar duidelik dat Jesus Christus die Enigste is wat die seëls kan breek en die boekrol kan oopmaak (Johannes 14:6; Handelinge 4:12; 1 Timoteus 2:5)! Nie een van die ontelbare engele en nie een van die 4 lewende wesens (wat die skepping van God verteenwoordig) nie, maar een van die 24 ouderlinge (wie die Gemeente van God verteenwoordig) word die voorreg gegee om die antwoord aan te kondig. Johannes moet weet en voel dat hy nie alleen, verban op ’n eiland, staan nie, gekonfronteer met baie vrae oor die geskiedenis in die wêreld. Johannes is deel van God se wêreldwye gemeenskap van gelowiges, die Gemeente (Kerk), wat die Woord ontvang het. Vanuit die Woord mag hy ’n antwoord gee op die probleme wat die Gemeente (Kerk) daagliks besighou. “Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak”(Openbaring 5:5)

Jesus Christus is die Leeu van God se volk wat in die Ou Testament (Genesis 49:10; vergelyk Hebreërs 7:14) ‘Juda’ genoem word, in die Nuwe Testament (Galasiërs 6:16) ‘Israël’ genoem word en in beide die Nuwe Testament en die Ou Testament (Psalm 107:32; 2 Kronieke 29:28 en Matteus 16:18) ‘Kerk’ (Grieks: ekklésia) genoem word. Hy is nie ’n ‘leeu’ wat die wêreld oorwin met die geweld van ’n wêreldse leër of met godsdienstige ‘heilige oorloë’ nie. Sy krag lê in sy radikale onderwerping. Hy is die Leeu omdat Hy ook die Lam is wat Homself oorgegee het om aan die kruis geslag te word as ’n versoening vir die sondes van mense wat Hom aanneem. Nie een van die heersers van hierdie wêreld het God se wysheid begryp nie, want anders sou hulle Hom nie gekruisig het nie (1 Korintiërs 2:8). Jesus het ook hierdie wysheid uitgespreek: “Dít verseker Ek julle: As ’n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy ’n groot oes in” (Johannes 12:24).

Egte grootheid in die oë van God is nie ’n trotse godsdienstige leier of ’n vurige vegter en onoorwinlike held wat mense en volke oorwin deur sy politieke, wetlike en godsdienstige sameswerings en deur die mag van sy geld en sy leër nie. Die geskiedenis van hierdie wêreld word nie tot sy uiteindelike bestemming gebring deur oorloë en terroriste, deur onderdrukking en vervolging, of deur omkopery en godsdienstige leuens nie. Die geskiedenis van hierdie wêreld sal heeltemal ontrafel word en tot die uiteindelike en heerlike bestemming (die nuwe aarde) gebring word deur die Een, wat hoewel Hy God is, Homself ontledig het en die menslike natuur (by sy goddelike natuur) aangeneem het. As Mens het Hy Homself nog verder verneder deur die Dienaar van mense te word. En ten slotte het Hy Homself verneder deur Homself aan die kruis te onderwerp en die Offerlam vir die versoening van sondes te word (Filippense 2:5-8). Jesus Christus is die enigste Leeu (die enigste Koning), omdat Hy ook die enigste Lam (die enigste soenoffer) was!

Jesus Christus is ‘die Wortel (oorsprong) en die Nakomeling (afstammeling) van Dawid’ (Openbaring 22:16). Die geskiedkundige koning Dawid was die koning van God se Ou-Testamentiese volk, Israel. Maar die profesieë in die Ou Testament het steeds vooruit gewys na die werklike Koning van die Koninkryk van God, Jesus Christus. Jesus Christus is beide die Goddelike Oorsprong (Wortel) van koning Dawid en tegelyk sy menslike Afstammeling (Nageslag) in die tyd.

Jesus Christus is die Enigste in die skepping en in die geskiedenis wat die misterieuse betowering van die gebeurtenisse in die wêreld (die sirkel) kan verbreek sowel as die illusie dat almal en alles nie is wat hulle in werklikheid is nie. God gee die boekrol alleen in die hande van Jesus Christus. In alle ander hande sou die boekrol net maar ’n voorwerp van afgodiese verering en aanbidding word.[3]

(4) Die boodskap van die kruis (Openbaring 5:8-12).

Die oomblik dat die boekrol in die hande van Jesus Christus geplaas is, het die 24 ouderlinge (wie God se Gemeente in die hemel verteenwoordig) en die 4 lewende wesens (wat God se skepping in die hemel verteenwoordig) hulle neergooi, nie om die boekrol te vereer nie, maar om Die Een wat waardig is om die boekrol oop te maak, te vereer! Christene vereer geen Boek in die hemel of op die aarde nie, maar aanbid alleen Hom wat die boekrol openbaar en die inhoud

[3] Die wêreldbeskouing van die Islam!

daarvan uitvoer! Die Lam is waardig om die seël te breek en die boekrol oop te maak, omdat net Hy geslag is en met sy bloed mense uit elke stam, taal, volk en nasie gekoop het (Openbaring 5:9-10).

Die dood en opstanding van Jesus Christus tydens sy eerste koms is die basis en die middelpunt van die hele menslike geskiedenis (1 Korintiërs 15:3-4; vergelyk Handelinge 1:22; 2:23-24; 3:13-15; 4:10; 5:30; 7:52-56; 8:32; 10:39-40; 13:28-31; 17:31; 26:23). Alle kragte en magte wat in die hemel, op die aarde en in die hel is om hierdie één gebeurtenis saamgetrek en veg vir die uitkoms (Openbaring 12:7-9; vergelyk 1 Korintiërs 2:8; Kolossense 2:15). Van die skepping af wys die hele geskiedenis vooruit na die kruis en die opstanding. Na sy eerste koms wys die hele geskiedenis terug na die kruis en die opstanding en vooruit na sy wederkoms. Met hierdie één gebeurtenis in die menslike geskiedenis het God en sy Christus die beslissende oorwinning behaal! By die kruis het die satan en sy bondgenote uit die hel en al sy volgelinge op die aarde die beslissende neerlaag gely. By sy eerste koms het Jesus Christus die satan gebind en sy Koninkryk gevestig. En Hy het gesê, “Wie nie aan My kant is nie, is teen My; en wie nie saam met My die skape bymekaarmaak nie, jaag hulle uitmekaar” (Matteus 12:28-30). Elke mens moet kies of hy saam met Christus of teen Christus is. Daar is nie soiets soos neutrale grondgebied nie!

Die vier Lewende Wesens, wat die kragte van die natuur in die hemel verteenwoordig, bring hier die duisternis wat oor die aarde kom, die aardbewing en die oopgaan van grafte (Matteus 27:45-53) in herinnering. God se skepping besef dat ook sy eindbestemming heeltemal verbind is aan hierdie twee gebeurtenisse (die dood en die opstanding van Christus) en sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is en dat die skepping self ook bevry sal word van sy verslawing aan die verganklikheid (Romeine 8:19-21)!

Die vier en twintig ouderlinge, wat God se Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese volk in die hemel verteenwoordig, bring die volk se angs en wegvlug van die kruis af in gedagte. God se volk (die Gemeente/Kerk) sien die vervulling van die Wet en die Profete (in DIE BOEK). Die Wet het die offer van diere geleer (Hebreërs 9:12-14) en die Profete het geprofeteer dat die Dienskneg van die HERE soos ’n lam gelei is om geslag te word en vir ons oortredinge verbrysel sou word (Jesaja 53:5,7). Hulle sing almal dat Jesus Christus met sy bloed mense uit elke stam, taal, volk en nasie sou vrykoop (Openbaring 5:9)!

Die engele in die hemel het altyd verlang om ’n kykie te kry op die boodskap van verlossing wat aan die Gemeente (Kerk)(gelowige) toevertrou was (1 Petrus 1:9-12). Hulle het die geboorte van Jesus Christus aangekondig (Lukas 1:26-37; Lukas 2:8-14). Hulle het Jesus Christus gedien (Matteus 4:11). Hulle het Jesus Christus versterk in sy versoeking toe Hy kort voor sy dood in gebed geworstel het (Lukas 22:43). Hulle was getuies van die verskrikking van die dood, maar ook van die vreugde op Pase toe ’n engel die klip van die graf weggerol het om Jesus Christus, wat dood was en vir ewig lewe (Openbaring 1:18; Matteus 28:5-7) aan die mense te wys. Die engele het lofliedere gesing. Deur die bloed wat aan die kruis vergiet is, het God alle dinge wat op die aarde is, maar *ook alle dinge wat in die hemel is* met Homself versoen (Kolossense 1:19-20). Die sondeval het ook die engele in die hemel geraak, maar die wêreld van engele word ook verlos van hulle soort gebrokenheid deur die dood van Jesus Christus aan die kruis.

(5) Die boodskap van die visioen gaan oor die gebeurtenisse vanaf die vroegste begin tot die hede en verder tot die einde van die tyd (Openbaring 5:13-14).

Die visioen in Openbaring 4:1-11 praat oor God wat rustig op sy troon sit *in die ewigheid. God is in die middelpunt*. Maar die visioen in Openbaring 5:1-12 praat van die optrede van God deur Christus *in die tyd. Nou is Christus in die middelpunt.* In Jesus Christus woon die volheid van die Godheid liggaamlik en deur Jesus Christus het God alles in die hemel en op die aarde met Homself versoen (Kolossense 1:19-20; Efesiërs 1:9-10).

Die laatste visioen in Openbaring 5:13-14 praat oor die heerlikheid van Hom wat op die troon sit en van die Lam, in alle ewigheid. Weer is God die middelpunt, maar dan is dit God soos Hy Hom in Jesus Christus, in sy eerste koms, sy soenoffer aan die kruis en sy verlossingswerk wat volbring is, geopenbaar het (vergelyk 1 Korintiërs 15:27-28)!

Voor die eerste koms van Christus het die dinge in hierdie wêreld getoor gelyk: die dinge in die wêreld was nie wat hulle voorgegee het om te wees nie. De dinge in die wêreld het nie gelyk of hulle kan verander nie. Maar ná die dood en opstanding, hemelvaart en troonsbestyging van Jesus Christus is hierdie betowering gebreek. Dinge in die wêreld word steeds meer en meer wat hulle werklik is. “Wie kwaad doen, moet voortgaan om kwaad te doen (doen steeds meer kwaad), en wie vuil is, moet vuil bly (word steeds vuiler); maar wie doen wat reg is, moet voortgaan om reg te doen (doen steeds meer reg), en wie heilig is, moet heilig bly (word steeds meer heilig)” (Openbaring 22:11). En die geskiedenis van hierdie wêreld stuur af op sy uiteindelike bestemming. Dit is Jesus Christus wat heers deur die seëls van die boekrol te breek en die boekrol oop te maak. Dit sit dinge aan die gang en bring alles in die skepping en alles in die geskiedenis tot sy uiteindelike bestemming! Die dood en opstanding, hemelvaart en troonsbestyging van Jesus Christus by sy eerste koms het tyd en ewigheid bymekaar gebring. By die wederkoms word alles in die ewigheid opgeneem.

“Die geheimenis van sy wil aan ons bekendgemaak en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof (Grieks: anakefalaió sasthai) te verenig, naamlik onder Christus” (Efesiërs 1:9-10; Hebreërs 2:8). “Sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: Jesus Christus is Here!” (Filippenzen 2:10-11). “Om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis” (Kolossense 1:20). Daar is ’n verskil in die manier waarop skepsels hulle aan die heerskappy van Cjristus sal

onderwerp en met God versoen sal word! Die kwaaddoeners bly sleg, maar *moet* hulle onderwerp. Vrede en harmonie wil hulle nie hê nie, maar word aan hulle opgelê (hulle word daartoe gedwing) (Vgl. Romeine 16:20; 1 Korintiërs 15:24-28; Efesiërs 1:21-22). Die skepping en alle skepsels word vrywillig of onvrywillig onder die heerskappy van die Hoof, Jesus Christus, gebring. Maar nie in die sin van die alversoeningsleer of universele verlossing nie, omdat 'n deel *vyande* van God en sy volk sal bly (1 Korintiërs 15:25) en omdat "die *ewige* straf" 'n ewige werklikheid bly (Matteus 25:46; Openbaring 21:8).

Daarom prys die hele skepping en alle vrygekoopte mense God en die Lam vir hulle werk in die skepping en verlossing. Alle dinge moet uiteindelik God verheerlik (Romeine 11:36). "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid" (Openbaring 5:13). Sý wil word in die heelal uitgevoer (Openbaring 4:11). Die troon heers, d.w.s., God die Vader heers deur God de Seun. Die Lam heers en daarom hoef die Gemeente (Kerk) nie haar beproewings en verdrukkings te vrees nie.

## C. DIE BETEKENIS VAN DIE HEMELVAART VAN CHRISTUS VIR ONS

Jesus Christus bestyg die troon bo almal en alles en vestig so sy koninkryk in sy uiteindelike fase (maar nog nie finale fase nie).

### (1) Die eerste resultaat van die hemelvaart van Christus is die verkondiging van die volledige oorwinning (triomf) van Jesus Christus aan die hele skepping.

***Lees*** 1 Petrus 3:18-22 (Vergelyk handleiding 6, supplement 8 Die verhouding tot die gestorwe voorvaders).

#### (1) Die versoening van sonde (Engels: atonement) en die versoening van 'n gebroke verhouding met God (Engels: reconciliation) deur die dood en opstanding van Christus (1 Petrus 3:18).

Jesus wat "as mens doodgemaak is" beteken dat Hy gekruisig is toe Hy nog sy swak menslike liggaam gehad het, belaai met die sonde van die mensheid (vgl. Romeine 1:3). Deur sy dood het Jesus sy swak menslike natuur (sy vernederde liggaam) (Filippense 3:21) afgelê en elke verbinding met die sonde en die dood afgesny.

Jesus "is deur die Gees lewend gemaak" wat beteken dat sy menslike liggaam lewend geword het en uit die dood opgestaan het deur die Heilige Gees. Na sy opstanding was sy liggaam verheerlik en volledig deur die Heilige Gees beheers (Romeine 1:4; Kolossense 2:9)! Van daardie moment af het Jesus Christus nie langer in sy vorige vernederde liggaam geleef nie, maar in sy verheerlikte liggaam in die krag van die Heilige Gees. Van daardie moment af het God se onvergelyklike krag Jesus Christus aan die regterhand van God geplaas, ver bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat in die heelal genoemd word (Matteus 28:18; 1 Korintiërs 15:25; Efesiërs 1:20-23; Filippense 2:9-11; 1 Petrus 3:22; Openbaring 1:5).

#### (2) Die heengaan en die prediking van Christus (1 Petrus 3:19).

Die ANV sê: "So het Hy na die geeste in die gevangenis gegaan en daar sy oorwinning aangekondig". Die vertaling is nie heeltemal duidelik nie. Die Griekse teks is duidelik: "Deur die Gees het Hy *eens en vir altyd gegaan* (deelwoord, aoristus) en *eens en vir altyd aan die geeste in die gevangenis geproklameer (aangekondig).*" Hy het opgestaan uit die dood in die krag van die Heilige Gees en in die krag van die Heilige Gees *êrens* heen gegaan (nie "na die geeste in die gevangenis" nie) en *iets* geproklameer (verkondig). Let wel:

- Sy gaan en sy prediking gebeur *nie vóór sy opstanding nie, maar* eers *ná sy opstanding*!
- Sy gaan en sy prediking was nie *in sy menslike gees nie, maar in sy verheerlikte (opstanding)liggaam*!
- Sy gaan en sy prediking was *nie êrens na benede nie, maar omhoog* na die regterhand van God in die hemel terwyl engele, magte en kragte aan Hom onderwerp is (1 Petrus 3:22)! Jesus het nie na *die onderwêreld* (Hebreeus: Sheol; Grieks: Hades) na die geeste van gestorwe mense gegaan nie, maar na *die bowêreld*, die hemel, die verblyf van God!
- Sy prediking was *nie 'n prediking van die evangelie (vergelyk 1 Petrus 4:6)nie, maar die proklamasie (verkondiging) van sy triomf (1 Petrus 3:22)*! Sy heengaan (sy hemelvaart) self was die verkondiging of proklamasie van sy triomf! Die hemelvaart van Christus was die bewys van sy uiteindelike oorwinning en terselfdertyd die inhoud van sy verkondiging.

#### (3) Die geeste in die gevangenis (1 Petrus 3:19).

Die hemelvaart van Jesus Christus was dus 'n eenmalige proklamasie of verkondiging (van sy triomf) aan "die geeste in die gevangenis". Hierdie geeste was die geeste (siele) van die ongehoorsame mense wat in die verlede ongehoorsaam was aan God in die tyd toe Noag die ark gebou het. Hulle het in die vloed gesterf en hulle geeste (siele) word gevange gehou in die hel. Genesis 6:5 sê dat hulle slegte mense was en dat al hulle versinsels van hulle gedagtes deurentyd sleg was. 2 Petrus 2:5 sê dat Noag die prediker van die wil van God was. Terwyl Noag God op sy Woord geneem en gehoorsaam die ark gebou het, het hierdie mense die spot met hom gedryf en sy prediking en waarskuwing van die hand gewys. Hulle het nie sy prediking geglo nie en geen ag geslaan op sy ark-bouery nie, wat vir jare 'n sigbare herinnering was aan die komende vloedramp. Hulle was ongehoorsaam aan God se waarskuwing en het God se geduld vir miskien 'n honderd jaar lank weerstaan (1 Petrus 3:20; Genesis 5:32; 6:3; 7:6). Maar toe die vloed gekom het, is die geloof van Noag reg bewys en die ongeloof van die slegte mense verdoem (Hebreërs 11:6). Volgens Matteus 24:37-39, leer Jesus Christus Self dat die mense "in die dae van Noag" 'n *simbool* is vir alle onverskillige en ongehoorsame mense in die wêreld!

Daarom is die hemelvaart van Jesus Christus ’n verkondiging (proklamasie) van triomf oor alle goddelose en onregverdige mense, of hulle nou vóór of ná die eerste koms van Christus geleef het. Uit ander Bybelgedeeltes weet ons dat die dood en opstanding, die hemelvaart en troonsbestyging nie net maar ’n eenmalige aankondiging, maar ’n voortdurende verkondiging is van die oorwinning oor alle bose magte (Efesiërs 1:20-22), soos die duiwel en sy demone (Johannes 12:31-32; Openbaring 12:5-9; 20:1,3,7), die bose geeste (gevalle engele) (Lukas 8:31; Kolossense 2:15; 2 Petrus 2:4; Judas 6; Openbaring 9:1) en alle bose regerings in die wêreld (Psalm 2:8-12)! Die hemelvaart van Christus is die verkondiging van sy totale triomf!

(2) Die tweede resultaat van die hemelvaart van Christus is die openlike tentoonstelling van al sy krygsgevangenes: enersyds sy verloste mense en andersyds sy vyande.

***Lees*** Efesiërs 4:7-8; 2 Korintiërs 2:14; Kolossense 2:15.

Hierdie Bybelgedeeltes maak gebruik van die beeld van ‘n Romeinse generaal wat na ’n oorwinning terugkeer en triomfantlik in Rome ontvang word. Hy het ’n belangrike veldslag gewen en vier sy oorwinning met ’n triomfantlike intog in die stad. Die hele gevolg bestaan uit sy strydwaens, al sy soldate en ook al sy gevangenes! Hy deel ook geskenke (uit die oorlogsbuit) uit aan die skare wat oor hom jubel.

Die apostel Paulus pas Psalm 68:19 toe in sy briewe. “Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.” In die Ou Testament is God die Een wat ’n oorwinning oor een van die omringende volke behaal, en dan met baie gevangenes en oorlogsbuit (wat aan Hom gegee word) teruggaan na die hemel toe. In die Nuwe Testament is dit Jesus Christus wat die oorwinning oor die satan en alle ander magte op die aarde behaal, wat gevangenes (na sy oorwinning aan die kruis) in sy triomftog (na die hemel) saamneem en gawes (genadegawes van die Heilige Gees) uitdeel aan sy mense (die Christene).

(1) Die triomftog in Efesiërs 4:7-8

“Maar aan elkeen van ons is die genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het. Daarom sê die Skrif: “Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.” Met sy hemelvaart het Christus alle Christene as sy gevangenes in sy triomftog meegevoer. Hy het hulle gevange geneem met sy liefde, genade en waarheid wat in die evangelie verkondig is. Sy triomftog simboliseer dat Christus die sonde en die dood aan die kruis oorwin het en sy triomftog na die hemel toe is ’n manifestasie van alle mense wat Hy met die mag van sy liefde en genade oorwin (gewen) het.

Die gawes wat Hy gee bestaan uit ‘genade’ (Grieks: charis). Daarvan gee Hy ’n porsie (’n bepaalde maat) aan elke Christen. Die aard van die gawe kan dus genade wees om ’n spesiale bediening te verrig, die genade om by ’n bepaalde groep mense aanklank te vind of die genade wat in een van die baie genadegawes (Grieks: charismata) geopenbaar word. Dus moet elke Christen sy genadegawe nie beskou as ’n produk van sy eie bekwaamheid of vernuf nie. Hy moet dit sien as één onder baie ander gawes,wat almal beperk is in omvang (dus, ’n afgemete gawe) en iets wat hy alleen tot voordeel van ander mense kan gebruik (om ander mense daarmee te dien, ander Christene daarmee toe te rus, die Gemeente op te bou en God te verheerlik).

(2) Die triomftog in 2 Korintiërs 2:14-16.

“Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos ’n aangename geur. Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die geur dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan. Vir dié wat verlore gaan, is dit ’n doodsreuk wat dood bring; vir dié wat gered word, is dit ’n lewensgeur wat lewe wek. En wie is tot sulke dinge in staat?” Alle gevangenes van Christus is Christene en terwyl hulle Christus in sy triomftog volg, versprei hulle oral aan mense die aangename reuk van die kennis van Christus. Vir mense wie glo, is die kennis van Christus ’n aangename reuk, maar vir mense wie nie glo nie, is die kennis van Christus ’n doodsreuk.

(3) Die triomftog in Kolossenzen 2:15.

“Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.” Sommige van die gevangenes van Christus is die verowerde vyandelike magte. Hulle word as krygsgevangenes met kettings agter die strydwaens van Christus die Oorwinnaar geparadeer tydens sy triomftog na die hemel toe! Die vrede en harmonie van Christus word deur hulle nie verwelkom nie, maar word wel aan hulle opgelê (hulle word daartoe gedwing) (vergelyk Romeine 16:20).

(3) Die derde resultaat van die hemelvaart van Christus is dat Jesus Christus die permanente Verteenwoordiger van alle Christene aan die regterhand van God die Vader en die aanhoudende Voorbidder vir Christene by God in die hemel is. Jesus Christus het die Borg geword van ’n veel beter verbond as die ou verbond van die wet (Hebreërs 7:22).

***Lees*** Hebreërs 9:24-28; Hebreërs 7:23-28; Romeine 8:34; 1 Johannes 2:1-2; Openbaring 8:3-5.

(1) Die Ou-Testamentiese seremoniële reinigingsgebruike simboliseer die Nuwe-Testamentiese geestelike reiniging.

Hebreërs 9:24 sê: “Christus het nie ingegaan in ’n heiligdom (op die aarde) wat deur mense gemaak is en net ’n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn.”

In Hebreërs 9:23 erken die skrywer dat die rituele (van die Ou-Testamentiese seremoniële wet) in die aardse tempel effektief was vir die uiterlike seremoniële reiniging van die aardse dinge, maar ontken dat hulle die innerlike geestelike verontreinigings kon ophef. Rituele reiniging was goed vir *die materiële orde*, maar ’n beter offerande is noodsaaklik vir reiniging in *die geestelike orde*.

Die Ou-Testamentiese rituele was *kopieë of skaduwees* van die Nuwe-Testamentiese *werklikhede*. ‘Die hemelse dinge’ wat reiniging vereis, was die verontreinigde gewetes van mense. Dis nie deel van die materiële sfeer nie, maar behoort tot die geestelike sfeer. Die mense wat tot God se volk wil behoort het ’n innerlike geestelike reiniging nodig om tot God te kan nader sonder die verontreiniging van die sonde en om by God te mag woon.

#### (2) Die Nuwe-Testamentiese geestelike reiniging geskied deur die bloed van Jesus Christus.

Deur die dood van Christus, en dus deur die besprinkeling met die bloed van Christus, word mense ‘die huis van God’ (Hebreërs 3:6; 2 Korintiërs 6:16; Efesiërs 2:22; 1 Petrus 2:5). Om ’n geestelike huis te wees, moet mense die wedergeboorte of die besprinkeling met die bloed van Christus ondergaan het (1 Petrus 1:2,19,22). So is die volgende dinge deur die besprinkeling met die bloed van Christus geheilig:

- die boek van die nuwe verbond (die ewige evangelie geskryf in die hemel)(Hebreërs 9:20)
- die Christelike Heiligdom (die Hemelse Jerusalem)(Hebreërs 12:18-24)
- die Israel van God (die Christelike Kerk wie die kruis van Christus bely en besny is deur die Heilige Gees (Galasiërs 6:16; Romeine 2:28-29). Hulle het almal die stempel van Christus op hulle.

Die Ou-Testamentiese periode van *voorbereiding* het oorgegaan in die Nuwe-Testamentiese periode van v*ervulling*.
Jesus Christus se verlossingswerk bestaan uit:

- enersyds sy volbragte soenoffer vir die sondes op die aarde
- andersyds uit sy Hoëpriesterskap in die teenwoordigheid van God in die hemel.

Hy verteenwoordig alle Christene by God in die hemel waar sy volmaakte soenoffer ons met God versoen het (1 Johannes 2:1-2).

- Terwyl die priesters gedurende die Ou-Testamentiese periode elke dag die tempel moes ingaan om offerandes te bring, gaan Jesus Christus met sy hemelvaart *eens en vir altyd* die hemelse heiligdom in.
- Terwyl die priesters gedurende die Ou-Testamentiese periode net bloed van diere gebring het, het Jesus Christus *eens en vir altyd* sy eie bloed gebring.
- Terwyl die priesters gedurende die Ou-Testamentiese periode net seremoniële heiligheid kon waarborg, het Jesus Christus *eens en vir altyd* geestelike heiligheid (vergewing van alle sonde*skuld* en volkome reiniging van *skaamte* van die gewete) gewaarborg.

#### (3) Die uitdrukking “die voleinding van die eeue” is die tyd van vervulling.

“Maar nou het Hy (Christus) net een keer in die voleinding van die tye verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem” (Hebreërs 9:26). Christus het beslissend met die sonde afgereken. Dis nie waar dat Christus toevallig by die voleinding van die eeue geopenbaar is nie, maar eerder dat sy openbaring (sy eerste koms na die aarde) *die voleinding van die eeue* inlui! <u>Die eerst koms van Christus en sy verlossingswerk het “die voleinding (vervulling) van die eeue ingelui! “Die laaste dae” (die voleinding van die eeue) is die periode tussen die eerste komst van Christus en sy wederkoms</u>.

Die volgende gebeurtenisse vind plaas “in die laaste dae” in die sin van “die eerste koms van Christus.”

- Jesus Christus is “in hierdie eindtyd” geopenbaar (die geboorte van Christus)(1 Petrus 1:20).
- God praat “in hierdie laaste dae” tot mense deur die Seun (die lewe van Christus)(Hebreërs 1:1-2).
- Christus het “by die voleinding van die tye” eenmaal verskyn om die sonde deur sy offer (die kruisiging van Christus) tot niet te maak (Hebreërs 9:26).
- Die Heilige Gees is “in die laaste dae” uitgestort (die koms van Christus in die Heilige Gees) (Handelinge 2:17).

Die volgende gebeurtenisse vind plaas “in die laaste dae” in die sin van “die wederkoms van Christus”:

- Die opstanding van die dode sal plaasvind “op die laaste dag” (Johannes 6:39,40).
- En die laaste oordeel van mense wat die Woord van Christus verwerp het, sal plaasvind “op die laaste dag” (Johannes 12:47-48).

God se openbaring gaan dus voort van die skepping af tot by die eerste koms van Christus. <u>Met die eerste koms van Christus is God se openbaring voltooi! Behalwe hierdie openbaring deur Jesus Christus is daar geen verdere openbaring na Jesus Christus nie</u>! God het deur Jesus Christus “in die laaste dae” (in die eindtyd en finaal) gespreek. Dit is sy finale woord. In die Ou Testament dui hierdie uitdrukking op die periode in tyd wanneer die woorde van die Ou-Testamentiese profete in vervulling sou gaan (Genesis 49:1; Deuteronomium 4:30; Jesaja 2:2; Jeremia 30:24; Esegiël 38:16; Daniël 10:14; Hosea 3:5; Miga 4:1).

#### (4) Jesus Christus is die enigste permanente Hoëpriester.

Daar is twee redes waarom Jesus Christus die Ou-Testamentiese seremonies vervul het:

- Jesus Christus was volkome sondeloos (Hebreërs 7:26,28). Sy versoeningsoffer was nie ’n skaduwee van die werklikheid nie, maar die werklikheid self.

- Jesus Christus het uit die dood opgestaan en leef vir ewig (Hebreërs 7:23-24)! Daarom kan net Hý die permanente Hoëpriester wees en is sy hoëpriesterskap permanent.

(5) Jesus Christus is die enigste Verlosser en enigste Voorbidder.

Die gevolg is dat Jesus Christus twee dinge doen wat geen ander profeet of priester kan doen nie:

- Nét Jesus Christus kan mense van hulle sonde verlos. "Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie" (Handelinge 4:12).
- Jesus Christus is die enigste Middelaar tussen God en die mense wat vir ons by God voorspraak doen. Hebreërs 7:25 sê dat ."Jesus Christus altyd leef om vir Christene te pleit".

(6) Jesus Christus is die Enigste Middelaar wat die gebede van Christene bemiddel en absoluut volmaak maak.

Openbaring 8:3-5 sê dat baie wierook in die hemel gemeng is met die gebede van die heiliges op die aarde voordat die gebede opstyg na God se troon. Die gevolg is dat vuur uit die hemel op die aarde gewerp word.

- In Openbaring 5:8 simboliseer die wierook die gebede van die heiliges.
- Maar in Openbaring 8:3 simboliseer die wierook die volmaakte gebede van Jesus Christus aan die regterhand van God in die hemel.

Die gebede van die heiliges kan nie uit hulleself opstyg na God toe nie, omdat mense sondaars is (Jesaja 59:1-2) en omdat dit wat verkeerd is aan die gebede van selfs die mees regverdige mense op aarde bly kleef. Ten einde God te behaag, het ook die gebede van die heiliges versoening nodig! Hulle onvolmaakte gebede op aarde word met baie wierook vermeng. Die baie wierook simboliseer die verlossingswerk van Christus wat Hy aan die kruis verwerf en deur die Heilige Gees en sy voorbede aan die regterhand van God op die heiliges (die Christene) toepas. Die baie wierook verteenwoordig dus veral die gebede van Jesus Christus in die hemel vir die Christene op die aarde en natuurlik ook vir die vervolgde Kerk op die aarde (Romeine 8:34; Hebreërs 7:24-25; 9:24). Die volmaakte gebede van Christus suiwer die gebede van Christene van selfsug en ander sondige motiewe in hulle gebede en maak dat die gebede van Christene volmaak by God aankom!

## (4) Die vierde resultaat van die hemelvaart van Christus is dat Jesus Christus nou heers oor alles en almal in belang van sy Gemeente (die Kerk). Hy roep die historiese gebeurtenisse op die aarde in aansyn en sit hulle aan die gang.

***Lees*** 1 Korintiërs 15:25; Efesiërs 1:20-22; Filippense 2:9-11; 1 Petrus 2:22; Openbaring 5:9-10.

(1) Jesus Christus heers oor alles en almal.

Romeinen 4:17 sê, "God wat dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord."
1 Korintiërs 15:25 sê: "Hy moet as koning heers, totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het."
Efesiërs 1:20-22 sê, "wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy *regterhand* laat sit het, hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk."
Filippense 2:9-11 sê: "Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader."
1 Petrus 3:22 sê: "Hy is nou aan die *regterhand* van God nadat Hy die engele en magte en kragte aan Hom onderwerp het en die hemel ingegaan het."

Jesus Christus het opgevaar na die hemel en sit op die troon aan die regterhand van God die Vader bo elke denkbare mag in die heelal en op die aarde (Matteus 28:18). Alle engele in die hemel, alle bose geeste in die lug, alle regerings op die aarde word gewillig of onwillig onderwerp aan sy heerskappy. Hy is dus die Hoof van die heelal en terselfdertyd die Hoof van die Gemeente (Kerk). Hy heers oor die heelal in belang van sy Gemeente! Hy heers op só 'n wyse dat elke gebeurtenis in die heelal en in die geskiedenis op die aarde die belange van sy Gemeente (Kerk) dien! Die opgestane en gekroonde Here Jesus Christus is die Koning van die konings en die Here van die heersers (Openbaring 17:14)! Niks gebeur op aarde sonder sy soewereine besluit of toestemming. Almal wat hulle nie buig onder die triomf van sy verlossing deur genade nie, moet hulle tog buig onder die triomf van sy oordeel (sy strengheid oor die afvalliges) (Romeinen 11:22)!

(2) Jesus Christus openbaar die gebeurtenisse in die geskiedenis m.b.t. sy plan van verlossing en oordeel en sit hulle aan die gang.

God wat op sy troon in die middelpunt van die geskape heelal sit voer sy ewige plan vir die aarde en die mense daarop uit deur Jesus Christus. Wanneer Jesus Christus 'n seël breek en daardie deel van DIE BOEK IN DIE HEMEL oopmaak, dan openbaar Hy die inhoud van God se ewige verlossingsplan en oordeel en sit die proses aan die gang. Niks gebeur met jou, met jou gemeente of met jou land sonder die besluit of toestemming van God nie!

Byvoorbeeld, Jesus Christus trek deur die wêreld en verower die harte en lewens van mense met die goeie nuus van verlossing (Openbaring 6:1-2). As gevolg van die sondeval (Genesis 2:16-17) laat Hy die vervolging en uitmoor van Christene (nou al in sommige lande) toe (Openbaring 6:3-4). Hy laat ook toe dat Christene en andere (meestal armes en

swakkes) verdruk word deur die politieke, ekonomiese en geregterlike maghebbers (Openbaring 6:5-6). En Hy laat toe dat die hele wêreld, Christene sowel as nie-Christene sterf, hetsy deur oorloë, hongersnode, epidemies of ongelukke (Esegiël 14:21; Openbaring 6:7-8).

Nietemin heers Hy oor die heelal en die aarde in belang van sy Gemeente (die Kerk) (Efesiërs 1:22; vergelyk Romeine 8:28). Hy het belowe: "Die magte van die doderyk sal dit (My Kerk) nie oorweldig nie" (Matteus 16:18)! Hy is besig om alle dinge op die aarde en in die hemele in die volheid van die tyd weer in Christus byeen te bring (Efesiërs 1:10; Kolossense 1:19-20). Uiteindelik sal elke knie, gewillig of onwillig, voor Jesus Christus buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die HERE is.

(5) Die vyfde resultaat van die hemelvaart van Christus is dat Jesus Christus besig is om die finale fase van sy koninkryk te vestig deur die heelal met sy werklikheid en heerskappy te vul.

***Lees*** Psalm 68:19; Efesiërs 1:9-10; Efesiërs 4:9-10.

(1) Die teks in die Ou Testament en in die Nuwe Testament.

Die woorde van die Ou Testament in Psalm 68:19 word nie aangehaal nie, maar toegepas in Efesiërs 4:8 in die Nuwe Testament. Wat die Psalm sê oor God in die Ou Testament vind hulle vervulling in Jesus Christus in die Nuwe Testament! Omdat die Outeur van die Ou Testament en die Nuwe Testament dieselfde Gees van Christus is en die Ou Testament die beste deur die Nuwe Testament verklaar word, het die apostel Paulus die reg om dit wat die Ou Testament oor God sê op Jesus Christus in die Nuwe Testament toe te pas!

*In die Ou Testament* het *God* sy vyande op die aarde verslaan, *ontvang* Hy gawes (oorlogsbuit) van die verowerde mense en gaan *terug na die hemel met gevangenes en oorlogsbuit in sy prosessie*. Maar in die Nuwe Testament het *Jesus Christus* mense deur sy dood en opstanding verower, *gee* Hý gawes aan sy mense en *vaar Hy terug na die hemel met gevangenes in sy prosessie*.

Net soos in 2 Korintiërs 2:14 en in Efesiërs 4:8, is die gevangenes *simbolies* almal Christene wat verower is deur die liefde, barmhartigheid, genade (vergewing) en waarheid van Christus (Johannes 1:17). Nou volg hulle Christus in sy triomftog! Jesus Christus ontvang hulle as sy oorlogsbuit en prys vir sy verlossingswerk wat Hy volbring het.

Jesus Christus ontvang om te gee. Hy ontvang hierdie 'gevangenes' ten einde hulle te gee aan sy koninkryk en aan die werk in sy koninkryk op die aarde. In Efesiërs 4:11 is "die apostels, profete, evangeliste, herders en leraars" die gawes wat Christus aan die Gemeente (Kerk) gee, (nie noodwendig aan elke plaaslike gemeente nie), ten einde die Gemeente toe te rus vir die dienswerk tot opbou van die Liggaam van Christus. Hierdie gawes is ampte (aangestelde dienaars) eerder as funksies (bedieninge). Belangrik is dat hierdie ampte soos alle gawes van die Heilige Gees moet funksioneer onder die raad van oudstes/ouderlinge in elke gemeente (Handelinge 14:23; Titus 1:5; 1 Petrus 5:1). Hulle mag nie die leierskapsamp van die ouderlinge verplaas nie!

(2) Die afdaal na die woestijn en die opvaar na die hemel (Efesiërs 4:9-10).

'Die laer plekke' (die laagste plekke van die aarde) in vers 9 word gekontrasteer met 'die hoogte' (ver bo alle hemelruimtes) in vers 10! Die neerdaal van Jesus Christus na die aarde word gekontrasteer met sy hemelvaart na die hemel toe, beide by sy eerste koms. Die apostel Paulus in Efesiërs 4:8-10 en die apostel Petrus in 1 Petrus 3:18-22 verwys NIE na 'n neerdaal van Jesus *na 'n plek* (die doderyk of die hel) nie, *maar tot 'n posisie (staat)*(die laagste wat 'n mens ooit afdaal)! Jesus Christus het NIE afgedaal na die doderyk (hel) ten einde die evangelie van verlossing aan die geeste van alle gestorwe mense te verkondig nie, maar daal af na die aarde ten einde aan die kruis te sterwe! Jesus Christus was volledig aan God gelyk en tog het Hy "Homself ontledig" (Grieks: kenoó) (ANV: verneder)(d.w.s. sy voorregte in die hemel prysgegee) van sy verheerlikte posisie (staat), het Hy die gevalle natuur van die sondige mens op Homself geneem, het Hy die Dienaar van alle mense geword, het Hy as 'n misdadiger aan die kruis vir die sondes van die mense gesterf (Filippense 2:6-8) en is Hy uiteindelik in sy vernederde menslike posisie (staat) deur God verlaat (Matteus 27:46)!

Daarom het God Hom verhoog tot die hoogste posisie (staat) in die heelal, sodat elke knie voor Hom sou buig en elke tong sou bely dat Hy die Koning van die konings en die Here van die here is (Filippense 2:9-11; vergelyk 1 Petrus 3:22). Niemand behalwe Jesus Christus het ooit so laag neergedaal om die sondes van die mense op Homself te neem (1 Petrus 2:24) en die folterende pyn van die hel (die Godverlatenheid) te dra nie (Matteus 27:46)! Maar ook niemand anders as Jesus Christus het ooit opgevaar na die hoogste posisie aan die regterhand van God die Vader, om van daar af God se ewige plan van verlossings en oordeel te openbaar en in die geskiedenis van die wêreld uit te voer nie (Openbaring 5:1-14)!

(3) Die koninkryk van God in sy finale fase.

Die triomf van Jesus Christus word kompleet wanneer Hy die Ou-Testamentiese openbaring en die Nuwe-Testamentiese openbaring vervul het en ook die totale heelal volledig en volmaak gemaak het (gevul het) (Efesiërs 4:9; Kolossense 1:19-20). Hy sal die Christelike Gemeente (Kerk) vul met al sy volheid (Efesiërs 1:23; vergelyk 2 Petrus 1:4; 1 Johannes 3:1-3). Hy sal heers totdat Hy al sy vyande onderwerp het (1 Korintiërs 15:25). Hy sal alles wat in die hemel en op die aarde is onder een hoof verenig, naamlik onder Christus (Efesiërs 1:10). Sy koninkryk sal uiteindelik die totale heelal vul (Daniël 2:44)! En sy koninkryk sal ewig bestaan (Jesaja 9:7; 2 Petrus 1:11)!

(5) Die sesde resultaat van die hemelvaart van Christus is die uitstorting van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is sy Verteenwoordiger by die mense op aarde.

Vergelyk handleiding 5, les 9.

| | |
|---|---|
| **5** | GEBED (8 minute) *[REAKSIES]* GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD |

*Bid* saam as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring ’n beurt kry om kort (in één of twee sinne) te bid en te reageer op wat hy/sy in hierdie byeenkoms van God geleer het.

| | |
|---|---|
| **6** | VOORBEREIDING (2 minute) *[OPDRAGTE]* VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS |

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer uit op ’n stukkie papier of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Hemelvaart” – die herdenking van die troonsbestyging van Jesus Christus” saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit 1 Korintiërs 9 - 12. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid-metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (2) Johannes 1:16. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (4) Johannes 2:1-25. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor jou stiltetyd, memorisering en hierdie opdrag in.